DIE LOOT

NUUSBRIEF VAN DIE GEREFORMEERDE KERK BELLVILLE

15 Oktober 2017

1. EREDIENSINLIGTING

Oggend	**Ds. C.C.A. Vrey**	**Aand**	**Ds. C.C.A. Vrey**
Sing vooraf	Sb. 18-1: 4, 5 (9)	Sing vooraf	Ps. 16: 4, 5
Sing	Ps. 145: 1 - 3	Sing	Ps. 138: 1, 4
	Ps. 25: 2, 6		Sb. 9-6: 1, 5 (20)
	Ps. 30: 3, 4		Sb. 1-1: 1, 7 (24)
	Ps. 105: 1, 5		
	Sb. 10-2: 2, 4 (28)		
Skriflesing	Daniël 11: 29-45 2 Tessalonisense 2: 1-12 Openbaring 7: 9-17	Skriflesing	1 Korintiërs 15: 35-58 1 Johannes 2: 28 - 3: 10 HK Sondag 22 Vraag 57
Teks	Daniël 11: 32, 36, 45	Teks	1 Johannes 3: 2-3
Tema	**Die ryk van die Antichris is skielik weg - die koninkryk van God bestaan vir ewig**	Tema	**Die troos vir die gelowige om liggaamlik op te staan uit die dood**
Katkisasie-opening: Psalm 100: 1 - 4			

2. GEMEENTENUUS EN –AKTIWITEITE

ADMINISTRASIE

Lidmate word dringend versoek om asseblief alle uitstaande lidmaatinligting vorms so spoedig moontlik te voltooi en by die kerkkantoor in te handig of per e-pos te stuur na gkbellville@mwebbiz.co.za Kopieë is beskikbaar by die deure, in die konsistorie en in die kerkkantoor. Dit kan ook afgelaai word van die gemeente se webwerf. Ons wil graag die opdatering van die databasis finaliseer.

BASAAR – SATERDAG, 28 OKTOBER 2017

Ons stalletjies se plakkate is op in die teedrinklokaal. Gaan kyk asseblief watter hulp elke stalletjie benodig en bied gerus u hulp en talente aan. Kom werk so kuier-kuier saam met die koördineerders en leer jou mede-lidmate beter ken op 'n lekker informele manier.

Versprei gerus die woord onder u familie en vriende! Daar sal volgende Sondag A4- en A3-grootte plakkate in die kerkkantoor beskikbaar wees. Die Basaar pamflet is ook op ons Facebook blad – deel dit asseblief, sodat so veel as moontlik besoekers ons kan kom ondersteun.

BYBELSTUDIE

Bellville - Dinsdag om 09h30 en 19h00 in die konsistorie
Oggend: Handelinge 12:12 e.v. / Aand: Handelinge 13:1 e.v.
Bybelstudie vir mamma's - Woensdag 09h30 (kontak sr. Sanet van Hoving)

DOOP

Die Sakrament van die Heilige Doop word vanoggend bedien aan **Jana du Plessis**, die dogtertjie van br. Cobus en sr. Anthea du Plessis.

GELUKWENSING

Br. Jannie en sr. Hita van Wyk het Donderdag 'n verbondskindjie van die Here ontvang. Ons dank die Here vir hierdie groot genade.

HUISBESOEK

Wyk **Kuilsrivier** (oudl. Mark Lyons) ontvang hierdie week huisbesoek deur ons leraar.

KATKISASIE

Klasse open vanoggend na die erediens.

KLIPPIES

Die laerskool leerders kom DV Vrydagaand vanaf 18h00 tot 20h00 op die kerkterrein bymekaar. Vir meer inligting kontak asseblief vir sr. Debbie Daling.

LEWENDE STENE & ROTSE

Alle graad 8 tot 25 jariges kom DV volgende Sondagaand vanaf 19h30 tot 21h00 in die kerkhuis bymekaar. Vir Bybelstudie gaan ons Prediker 1 behandel. Laat weet asseblief op die *Whatsapp* groep as jy daar gaan wees, voor of op Vrydag, 20 Oktober. Indien daar iemand is wat nog nie op die groep is nie, laat weet vir sr. Carolien Meijering.

MEELEWING

Ons bid die seën van die Here toe vir:

- Sr. Etrecia Koen wat die afgelope week in die hospitaal was en verskeie toetse ondergaan het.

Sr. Elize du Plessis se vader is die afgelope week oorlede. Mag die Here haar en haar gesin ryklik vertroos.

SKIEREILAND VIR CHRISTUS

Eerskomende Saterdag ontvang ons 'n groep kinders van Laerskool de Waveren op ons kerkterrein.

3. SUSTERS

TEESKINKBEURTE

Vandag: Wyke **Chrismar** (vakant), Goedemoed (Jethie Buys) en Table View (vakant)
Volgende Sondag: Wyke **Welgelegen** (Elré Gerber), Boston 1 (vakant) en Durbanville 1 (Willina Cilliers),

4. VAN DIE KERKRAADSTAFEL

DIENSBEURTE VIR OUDERLINGE EN DIAKENS

Diakens
Vandag: Brs. Jaco Coetsee, Pieter van Niekerk, Riaan Janse van Rensburg
Volgende week: Brs. Jaap Weij, Martin van der Walt, Paul Swart, Lawrence Lombard

Ouderlinge
Vandag: Brs. Berend Meijering, Ruhan Coetzee, Llen Labuschagne, Piet Aucamp
Volgende week: Brs. Willie Buys, Gert Swanepoel, Jaco Cilliers, Willem de Haan

Diensbeurte in Rondebosch (ouderling en diaken)
Vandag: Brs. Peet van der Walt, Eduard Roos
Volgende week: Brs. Harm du Plessis, Dewald Costerus

HUISBESOEK DEUR DIE PREDIKANT

Oktober: 16/10 Kuilsrivier, 30/10 Gordonsbaai
November: 13/11 Blouberg, 27/11 Welgelegen

KOLLEKTE	**Vandag:**	**Volgende Sondag:**
Onder die erediens:	Ouetehuise in kerkverband	Paarl Skool
By die deure:	Teologiese Skool Publikasies	Bolandse Bedieningsfonds

KOSTER MET VERLOF

Br. Piet Reyneke sal vanaf 24 September tot 29 Oktober met verlof wees. Indien u tydens hierdie periode hulp of toegang tot die kerkterrein benodig, kontak asseblief br. Cassie Bester (078 458 5963) of sr. Willina Cilliers (082 738 1809).

VERGADERINGS

Katkisasie Kommissie
Vanaand na die aanderediens in die konsistorie
Skiereiland vir Christus
Vanaand na die aanderediens in die kerkgebou
Basaar Kommitee
Volgende Sondag na die aanderediens in die kerkgebou

5. VERJAARSDAE

Vandag	Br. Gerhard van Wijk
16/10	Br. Gustaaf Costerus Sr. Karen van Wijk
18/10	Sr. Janine van Jaarsveld Deléne Vrey (16 jaar)
19/10	Br. Dawid Breed
20/10	Sr. Deléne Snyman
21/10	Sr. Marthie van Rooy Ds. Coen Vrey

6. KERKLIKE GEGEWENS

Gereformeerde Kerk Bellville

Broadway 6, Bellville, 7530 Posbus 5009, Bellville, 7535

E-pos: gkbellville@mwebbiz.co.za Tel: 021 945 1515 Faks: 086 465 4609

Kerkkantoor: Dinsdae 09h00 - 12h30

Predikant	Ds. Coen Vrey	082 808 4432
Kerkplanter	Dr. Simon Jooste	083 973 5818
RCSS Webtuiste	https://rcsasouthernsuburbs.com/	
Skriba	Oudl. Berend Meijering	083 291 7603
Admin Beampte	Sr. Willina Cilliers	082 738 1809
Koster	Br. Piet Reyneke	072 218 9988
Kassiere	Sr. Yolandi Taljaard	082 555 3380
Gereformeerde Kerk Bellville, ABSA, Santyger, Takkode 632 005 Tjek rek 340 340 205		
Taalversorging van preke	Sr. Geert van Jaarsveld	
Vertalers	Brs. Willem de Haan en Freddie Scheepers	
Webmeester	Br. Ben van der Walt	021 903 1505
Regstreekse erediens uitsending	http://kerkdienstgemist.nl/assets/462806	
www.gkbellville.org	https://www.facebook.com/gk.bellville	

Berigte vir Die Loot moet asseblief teen **Woensdag 16h00** per e-pos gestuur word na gkbellville@mwebbiz.co.za